






**JY IS DIE WEDSTRYDSEKRETARIS . . .**

Gestel jy is die wedstrydsekretaris vir jul sportliga. Jy moet die rooster vir die seisoen opstel, so jy moet weet hoeveel wedstryde altesaam gespeel moet word.

*Dit liga werk so:*
*Elke span speel twee keer teen elke ander span – een keer tuis en een keer weg.*

1. Hoeveel wedstryde sal gespeel word as daar 10 spanne in die liga is?  Verduidelik!

2. Hoeveel wedstryde sal gespeel word as daar 20 spanne in die liga is?  Verduidelik!

3. Hoeveel wedstryde sal gespeel word as daar net 2 spanne in die liga is?

4. Vind ‘n formule vir die getal wedstryde as daar *n* spanne in die liga is.